

**Dinsdag 19 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 28:18**

**Christus se hemelvaart is vol betekenis vir hierdie dag**

Ná sy lyding, sterwe en opstanding uit die dood, verskyn Jesus aan sy dissipels by 'n berg naby Galilea. En net voor Hy in die hemel opgeneem is, sê Hy vir sy dissipels: *“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.”*

Ons moet nie die fout maak om te dink dat Jesus nie voor sy kruisiging gesag gehad het nie. Nee, regdeur die evangelie van Matteus word die gesag van Christus ondertreep (bv. 7:21; 10:1, 7-8). Maar nou, by sy hemelvaart gee die Vader Hom alle mag in die hemel en op die aarde, met ander woorde oor die heelal. Die Seun van God word nou die Een deur Wie God die Vader sy gesag uitvoer.

Daarom kan Jesus sy dissipels bevel: Gaan na *al* die nasies ... leer hulle om *alles* te onderhou ... Ek is by julle, *al* die dae tot die voleinding van die wêreld ... en hiervoor het God sy Gees gestuur.

Mag jy God se genade vir jou in hierdie woorde van Jesus raaksien. Dis omdat Jesus die goeie nuus oor verlossing van sondes na alle nasies toe gestuur het dat jy en ek vandag kinders van God genoem kan word.

Maar jy wat die evangelie van Christus gehoor het, leer en onderhou jy alles wat Christus jou beveel? Ja, om 'n dissipel van Jesus te wees, vra opoffering en is nie altyd maklik nie, maar wees ook getroos, want ons Meester is by ons, deur sy Gees wat ons troos, lei en versterk, tot aan die voleinding van die wêreld.

*Sing: Psalm 89-1:3, 6*

*Ds. W Viljoen (Werner) (Bultfontein)*